## TOULEIER

# Twee stories oor Kersfees

Ons redakteur het my gevra om bietjie te gesels oor Kersfees in die buiteland of sommer uit my kinderdae. Kom ons vang sommer albei duiwe in dieselfde wip. Vir die eerste een het ek my suster Nina Schoeman, wat baie jare as kliniese suster in die Midde-Ooste die abaja gedra het, genader om ons te vertel hoe sy altyd Krismis ondervind het.

**Saoedi-Arabië**

Kersfees in Saoedi het stil stil gebeur. Elke nie-Moslem het verby jou geloop in die gange van die hospitaal en saggies gefluister "Happy Christmas ma'm". So het die dag dan werksgewys verbygegaan terwyl jy in jou eie gedagtes, daar ver in jou tuis huis, saam met jou geliefdes is.

Terug in jou woonstel het jy in stilte en in ootmoed die geboorte van Jesus oordink en as daar vriende was wat nie vir die feestyd huis toe is nie, het ons dan saam gekom en 'n heerlike ete geniet. Dan het ons Kersmusiek geluister en gekuier.

Ons is vooraf gewaarsku om Kersfees diskreet te vier. Ek het egter met die rebelsheid in my, stringe gekleurde liggies van die eerste dag van Desember tot na Nuwejaar, buite my woonstel opgehang en dit dan dag en nag laat brand.

Daar was vir dertien jaar geen Kersgeskenke nie behalwe toe my kind een jaar kom kuier het.

Dit opsigself was 'n nuwe "openbaring". Dít waaroor dit regtig gaan, die geboorte van my Verlosser, was skielik 'n baie dieper ervaring. Daar in 'n land omring met mense wat nie Jesus as die seun van God aanvaar nie, het ek baie gevoel soos in die Bybelse tyd wanneer ek my kamervenster oopmaak en te midde van die bidroep vir die Moslems tot God kon bid. Twee van die dokters wat saam met my gewerk het en wat Moslems is, het darem op Kersdag vir my Kerswense toegewens uit respek vir my geloof.

**Donkiekraal**

Nader aan die huis maar ver terug in die verlede, vertel my niggie Hettie Human (née Becker) vir ons van Kersfees op Donkiekraal.

Sy skryf ek vat haar ver terug na die ou Kalahari en ná twintig jaar huil ek steeds. Hulle sê as die aandwind se stilte oor die rooi duine kom fluister, raak gister se gisters vandag se nou.

As ouma Anna die more sê: "Gert! Jy moet vandag twee skape slag. Ek sal twee of drie hoenders slag, die Vissers, Greeff's of Conradies kom kuier," moet oupa weet hy sal sy ry moet kry. Snaaks, ons het nie baie gebraai nie. Solank die familie kuier word daar elke dag n groot ete gekook op die swart stoof met vaalboshout uit die veld.

Gewoonlik drie soorte vleis, slaai en nagereg. Geniet ons klomp niggies en neefs mekaar! In die begin was ek al niggie onder die neefs en het hulle my sake gewerk. As dit te rof begin gaan, maak oupa Gert hulle elkeen aan 'n boom vas.

As daar tyd is, ry ons een aand veld toe dan skop hulle springhase en skiet 'n steenbok of twee. Kersfees is ook bessietyd in die Kalahari en in die warm son ry ons op donkies en gaan pluk ons bessies in die veld. My pa lees eers uit die Bybel en ons sing Kersliedere. Dan eers word die geskenke uitgedeel. Kersdag is daar gewoonlik 'n groot verskeidenheid koue kosse, hoender, souttert, koue boud, tong en slaai. Want warm kan dit warm word. Daar word gelag en stories vertel. So 'n dag of wat later is die lekkerte verby en bly ek alleen agter by my pa en ma. Voel, voel die warm sand, as dit vurig deur jou tone brand. Weet dis die Kalahari. Hy bring lag - lag met jou sy kant.

Vrede en 'n lekker warm nat Kersfees vir julle!

**Hennie Greeff**
**UITGEWER**
**Onrusrivier**
**pos@onsdorp.com**

# Om die kampvuur

## Afrikaans, ons ryk taal

**Hoeveel van hierdie minder bekende spreekwoorde ken jy?**

| | |
|---|---|
| Jy kon 'n aartappel in hom gaarmaak | Hy was woedend |
| Jy skil nie aartappels in jou voorkamer nie | Onvanpas in geselskap optree |
| Eet met jou Adamsvurk | Eet met jou hande |
| Dis botter op sy brood | Dit sterk hom in sy kwaad |
| Koffie drink soos die kan hom skink | Tevrede wees met wat jy kry |
| Van Koerland se vleis geëet | Baie lui |
| 'n Laatperskegesig | Suur en onvriendelike gesig |
| Jou ouma die paplepel leer vashou<br>Jou pa leer kinders maak | Iemand probeer leer wat meer weet as jy |
| Wie heuning uithaal, moet steke verwag | Goeie goed kom nie vanself |
| Nie uit een bak eet nie | Nie vriende nie |

## Amazing Afrikaans

**Die skrywer Dana Snyman het hierdie briefie wat hy gekry het, met sy lesers gedeel:**

Dis vir haar amazing dat party mense so ontsteld is omdat Stellenbosch nie meer Afrikaans gaan wees nie, sê Janita, my intellektuele vriendin.
Dit was anyway inevitable, sê sy. Dis tyd dat Stellenbosch 'n global university word.

Dis nie dat sy nie Afrikaans love nie, sê Janita. Sy love Afrikaans, sê sy. Afrikaans is hierdie incredibily beautiful taal met die amazingste poetry, sê sy.

Jy kan hierdie beautifull dinge in Afrikaans sê wat jy nie in Engels kan sê nie, sê sy.

So, why all the fuss? Solank ons Afrikaans praat, sal die taal survive, sê sy.

## VARSGEBEK

**Inskrywings vir die taalkompetisie vir nuwe raakvat uidrukkings**:

** halfjan: vertaling van "half-jack"
** koorsmooi: intensiewe vorm van "mooi"
** hy het die ketel aan die tuit beet: hy pak 'n saak verkeerd aan
** iemand is gekap maar nie geskaaf nie: iemand het slegte maniere
** 'n pondjie botter: 'n gesette persoon
** lekker fluitvoet wees: dronk wees
** jansmokkie: daai walgvelletjie op kookmelk of vla
** papnekkie: pasgebore baba (ook genoem 'n "vars baba")
** presentkind: stiefkind

## 'Sielverterende getjank'

**Dit is 'n opskrif by 'n brief in 'n koerant.**

"Dit wat hedendaags as Afrikaanse musiek vir ons voorgesit word, is niks anders nie as 'n ritmelose, sielverterende en elektroniese getjank, met iemand op die agtergrond wat dit ten doel het om so hard soos hy kan 'n leë oliekonka met 'n piksteel te slaan.

"Gewoonlik is daar 'n poging tot samesang deur iemand met vrot adenoïde wat drie woordjies ('ek en jy' of 'jy en ek' is gewild) tot vervelens herhaal."

♦ In te veel opsigte nogal raak gesê, maar daar is tog nog uitsonderings!

# Duskantlander in Anderkantland

## Tumi se Krismis swiets

**Daniël Bezuidenhout, 'n vrou van Namibië, skryf uit Ghana.**

Tumi voel sy word lewendig opgevreet deur 'n nes vol rooimiere. Twee ure se stilsit maak so met haar spykerskerp boudjies. Sy ruik haar uitpeuloog tante sweet. Sien haar swaar asemhaal en skuifel weer in die harde plastiek kerkstoel. 'n Sakdoek of handwaaier help effens teen die sweet, maar haar tante rol haar wit-oog-kyk vir Tumi elke keer wat sy rondskuif.

Slaap is nie eens die engele beskore nie met die vet pastoor wat met sy wysvinger staan en druk-steek in die lug. Eers as die grond se sonstreep kort word en by die opslaan orrel se pote skyn, sal kerktyd verby wees.

Iedere en elke pastoor wil preek, want op Krismis haal hulle die groot kollekte-emmers uit en daar's 'n kollekterondte met elke ander pastoor se prekery. Tussendeur sing die Tannie-koor het nuwe pers koorrokke, groot blomme in hulle hare en pers en blou oogskaduwee.

In die voorafgaande dae het kinders gehelp om die kerk, hulle hutte en die kraal te versier met bont lapvlaggies. Daar is met grasbesems stof oor die harde rooigrond weggevee in die kraal en almal het groot potte kos gekook.

Tumi trek haar knieë onder haar ken in en glimlag warm as sy net aan al die kos dink.

Krismisdiens is 'n heel ander kerkding. Krismis plastiekblomme en blink versiersels in die kerk.

Sy gaap en druk haar ken dakwaarts.Sy tel vier silversterre wat van die dak hang, dan tel sy elf dakligte werk nie en tel drie waaiers wat stilstaan. Sy tel die plankhorte in die preekstoel, veertien horte; nog net dieselfde as Sondag.

Wanneer 'n boerbok in die oop sydeur kom blêr. sit sy kierts regop, sien hoe die koster die bok uitjaag. Al die kinders giggel en Tumi is weer helder wakker.

Dis tyd vir 'n ander pastoor, almal kan nou staan terwyl hulle sing en bene rek. Vandag sien Tumi mense in die kerk wie sy weet in die groot stad Akkra werk.

Almal kom huis toe vir Krismis, meeste in busse en 'n paar in stowwerige karre en bly tot die eerste week in die Nuwejaar. Sy loer vir die besoekers se snaakse helder klere, en ringe oorbelle, so groot 'n hoender kan daar deur spring.

Tumi hoor haar maag grom, en kyk op of haar tante ook gehoor het. Dié sit ken-op-die-bors met haar oë bot toe, bid seker? Tumi se mond water en haar maag trek vas aan haar rugstring as sy dink aan die kos wat hulle vandag nog gaan eet. Almal bring groot potte met okra, yam en banku.

Drie dae lank reeds kook haar Tante haar beste visbredie, sy raak sommer duiselig as sy indink hoe lekker hulle hut gaan ruik van al die Krismiskos. Vanaand word daar nog Kerkliedere gesing tot vroegmôre, lang stories van gestorwenes wat feesvier met die voorvaders, sal oorvertel word.

Dis uiteindelik tyd vir die Kinderkerskonsert! Bobby, die buurkind, is die donkie in die Krismiskonsert. Die laaste paar dae loop hy en oefen donkie-wees en bulk soos bees wat kalf. Nana gaan op sy rug rondry want sy's Jesus se Mammie-Maria en sy het 'n bondel lappe toegedraai want niemand in hierdie vissers-dorpie het regte poppe nie.

Kiertsregop bekyk Tumi die skouspel, sy staar oopbek na Nana se spierwit Moeder Maria-rok, en helaas kyk sy op na Thomas, een van die wyse manne wat met 'n bak vol swiets voor haar kom staan. Sy bekyk verwonderd na al die blink papiertjies, rooies en groenes en goues, en hy druk die emmer hier onder haar neus in.

Sy het nog nooit soveel swiets bymekaar gesien nie. Tumi vat stadig en plegtig 'n handjie vol blink swiets.

Haar hartjie kop woes en sy glimlag wyd. Skaampies vou sy sorgvuldig haar swieties toe in haar rok se plooi.

Sy wonder of 'n mens in die kerk swieties mag eet? Dis die beste Kerkdiens ooit!

# Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com

## VERLIEF

Ná ses jaaar se getroude lewe beland hulle toe in die moeder van alle bakleiery.

Sy: "Ek was heeltemal mal toe ek met jou getrou het!"

Hy: "Ja, Skat. Maar ek was so verlief dat ek dit nie agtergekom het nie."

## SLIM!

Moet nooit jou vyand in die rede val as hy besig is om 'n fout te maak nie.

-- *Napoleon Bonaparte*

As vroue depressief is, gaan hulle iets eet of hulle gaan winkels toe.

As mans depressief is, val hulle 'n ander land binne.

-- *Elayne Boosler*

## GOEIE BELEGGING

Die man se oumagrootjie bel om haar kleinseun in hierdie dae van duur pryse, inflasie en onsekerheid op die skommelende finansiële markte 'n bietjie geldelike raad bied.

Hy moet sy geld in 'n koevert plaas en onder die matras bêre. Nes oorle Oupa-grootjie.

Dit sal ook op en af beweeg, maar as jy die koevert oopmaak, is al jou geld nog daar.

## GEKORING

Hoe weet jy wanneer jy werklik dronk raak?
Jy begin gesofistikeerd voel, maar kan dit nie spel nie.

## GETROUD

'n Getroude man sterf en gaan hel toe. Hy het eers ná drie weke agtergekom hy is nie meer by die huis nie.

## GRAFSTENE

♦Hier lê Meraai
links gekyk en regs gedraai

♦Hier lê ou Charlie,
sy bek was te groot,
as hy dit gehou het,
dan was hy nie dood.

## LEKKER KOMMIN

1. Die Halloween pampoen op jou stoep het meer tande as jou meisie.
2. Jy is al drie keer getroud, maar jou skoonouers bly dieselfde.
3. Jack Daniels is op die lys van mense wat jy graag wil ontmoet.
4. Jy het een volledige stel koppies en op almal staan Wimpy.

## HY'T DIT GESOEK!

'n Paramedikus word tydens 'n kragonderbreking ontbied na 'n huis waar 'n vrou in kraam is.

Daar aangekom, is die enigste bron van lig 'n flits wat die driejarige Jannie vir hom moet vashou.

Grootoog kyk Jannie na alles, tot waar die paramedikus die baba aan sy voetjies oplig en sy boudjies hard slaan.

Hy vra: "En wat dink jy hiervan, Jannie?"

Jannie: "Die klein donneth moeth ini eethteplek nie daa' ingekhuip het nie, moeth hom wee'!"

## PEANUTS deur Schulz

# Uit die Wakis

## Stories vir die vaak




## Twee oues van dae en 'n sak vol geld

Die bejaarde egpaar besluit op 'n romantiese wandeling en besoek die ou skool waar hulle geleer het. 'n Sekuriteitswa kom verby en 'n sak vol geld val by 'n venster uit.

"Ons moet dit polisiekantoor toe neem," sê die oom.

''Nee, wat ons optel, is ons s'n," sê die tante.

Hulle steek die sak met geld toe op die solder weg.

Later besoek twee konstabels hulle en vra of hulle dalk 'n sak geld uit 'n sekuriteitswa sien val het.

"Nee," sê die tante.

Die oom kom tussenbeide. "Konstabel, sy het die sak opgetel en dis op die solder."

"Moenie na hom luister nie," sê die tante. "Hy is seniel en waat nie waaroor dit gaan nie."

Die konstabel draai na die oom. "Oom, vertel in jou eie woorde wat gebeur het."

"Wel," sê hy, "ek en Susanna was gistermiddag op pad van die skool af . . . "

Die konstabel kyk na sy maat en sê: "Goed, ek dink ons kan maar aanbeweeg."

'n Vriend van my het onlangs erken dat hy aan remvloeistof verslaaf is. Toe ek hom daarna uitvra, het hy gesê hy dink hy kan enige tyd stop.

Paddy sê vir Mick hy dink daaraan om 'n labrador aan te skaf.
Mick: "Is jy simpel? Weet jy hoe baie van hul eienaars word blind?"

**'n Mens kan baie van 'n vrou se gemoedstoestand te wete kom as jy haar hande dophou. As sy 'n mes vashou, is sy gewoonlik taamlik ontsteld.**

# Eendag by 'n wynmakery

Die proeër by 'n wynmakery is oorlede en hulle adverteer die vakante pos.

'n Dronk, vuil en verflenterde man doen aansoek. Die direkteur wonder hoe om van die man ontslae te raak en gee hom toe 'n glas wyn.

Die dronkie proe. "Dis muskaat, drie jaar oud en van 'n noordelike hang. In staalhouers verouder. Lae graad, maar drinkbaar."

"Dis korrek," sê die direkteur, en gee nog 'n glas wyn aan.

"Cabernet, agt jaar oud, suidelike hang. Teen 50 ºC in eikehout verouder. Sal oor drie jaar nog beter smaak."

"Korrek." Toe nog 'n glas. "Pinot blanc sjampanje, hoë graad, eksklusief."

Die direkteur was verstom oor die man se kennis. Hy wink vir sy sekretaresse en fluister in haar oor. Sy verlaat die lokaal en kom terug met 'n glas vol urine. Die dronklap proe.

"Dis 'n blondine, 26 jaar oud, drie maande swanger. En as ek nie aangestel word nie, verklap ek wie die vader is."

## Agt beleefde dinge om te sê as 'n man se gulp oop is

**Deur David Letterman**

1. Die komkommer het die slaai verlaat.
2. Quasimodo* moet in die toring teruggaan en sy klokke versorg.
3. Stel jou skinkbordtafel in die regop posisie.
4. Elvis is besig om die gebou te verlaat.
5. Die Buick is nie heeltemal in die garage nie.
6. Ons volgende gas is iemand wat geen bekendstelling nodig het nie.
7. Jy het 'n sekuriteitsrisiko by Los Pantalones.
8. Mans is van Mars, maar ek sien iets wat met Venus rym.

En natuurlik die eg-Afrikaanse een: "Daar's as op jou toon."

*'n Baie lelike en erg mismaakte karakter in Victor Hugo se 1831 novelle *Notre Dame de Paris.*

## Toe, sien jy nou!

Freddie het gereeld Woensdagaande na die plaaslike kroeg gegaan. Dit het sy vrou, Martha, erg geïrriteer en een Woensdagaand sê sy:

"Ek is moeg om Woensdagaande alleen tuis te sit. Jy kan my gerus 'n slag saamneem."

Freddie was nie baie ingenome nie, maar maak toe so. Hulle sit in die kroeg en hy vra wat sy wil drink.

"Ag, ek sal drink wat jy ook al drink," antwoord sy.

Hy bestel toe twee dubbel brandewyne en bied een vir aan. Sy wat 'n sluk, snak na haar asem, word rooi in haar gesig en spoeg die drank dwarsoor die toonbank.

"Genade, maar dis verskriklik sleg!" roep sy uit toe sy uiteindelik weer kan praat.

Freddie het 'n slukkie van sy glas geneem. "Jy wou mos saamkom. En om te dink jy het altyd gedink ek geniet my Woensdagaande."

# Kammanuus laat Hennenman se kinders Kersfees vier

Saterdag, 9 Desember was Kersfees in Hennenman!! 'n Groep van 62 behoeftige mense uit die dorp het die Kersfeespartytjie bygewoon wat deur **Kammanuuslesers** moontlik gemaak is. Wat 'n voorreg om aan die ontvangkant van so 'n groot geskenk te staan! Baie, baie dankie.

Aangekom by die plaaslike gholfklub (per bus) het almal rustig onder die koeltebome op die groen grasperke uitgespan met 'n koeldrankie. Terwyl ons op die gholfbaan was, is die kinders almal uitgedaag om malvalekkers so ver moontlik te slaan met 'n gholfstok. Die kompetisie was taai en veral die seuns was in hulle element!

Intussen het die pa's informeel mini-gholf gespeel en die kleintjies het op die springkasteel baljaar. Teen sononder het almal bymekaargekom vir 'n boodskap van hoop deur Kobus Venter, Helpende Hand se Streekorganiseerder in die Vrystaat.

Ons het net weer besef dat almal van ons in staat is om vir iemand anders hoop te gee – maak nie saak op watter manier jy dit kan doen nie. Dit is een van die kosbaarste geskenke in hierdie uitdagende tye!

Elkeen daar (van speenoud tot stokoud) het daarna 'n geskenk ontvang en toe is daar gesmul aan die heerlike kouevleise, slaaie en varsgebakte brode – koningskos! Daar was ook 'n fotohoekie waar die kinders en gesinne met prettige maskers foto's kon neem om die geleentheid te onthou.

Almal het hulle gate uit geniet en dankbaarheid was groot. Oppad bus toe sê 'n ou van so 60 met trane in haar oë dat sy 15 jaar laas 'n "smart function" soos hierdie bygewoon het. Dankie vir die stukkie hoop wat julle in elkeen daar se hart geplant het.

Vind aangeheg 'n klompie foto's van die geleentheid.

Beste wense vir 'n geseënde Kersfees vir elkeen van u!

Groete,
Hennenman Helpende Hand tak

# Stamboom

ONSDORP se afdeling vir familiesoekers

**Die maand se vanne:**

**Venter** sonespot@gmail.com
Christiaan Jozhua Venter 1903-1974, Suid-Afrika, Duiwelskloof getroud met Johanna Catharina Venter 1910-1983. Lyk hierdie name bekend vir enige iemand wat meet inligting kan verskaf?

**Brand** sussie1247@gmail.com
Ek soek inligting oor Frederik Johannes Brand wat dood is in Louis Trichardt tussen 1955-1959. Ons sal graag sy graf wil opspoor in Louis Trichardt . Hester.

**Geldenhuys** boetgeldenhuys01@gmail.com
Ek is op soek na Barend Petrus Geldenhuys of enige van sy nageslag Hy is in 1955 of 1956 gebore Sy ouers was Johannes Albertus [Jan] geldenhuys en Hester Dorothea Swart. Van Vereeniging.

**KING** kiwi.king@xtra.co.nz
John Petrus King: Gebore op Klerksdorp op 14/07/1903 en oorlede op 23/06/1965 op Klerksdorp. Sy vrou is Magdalena Catharina Dorothea King gebore 25/06/1909 en oorlede 07/02/2001..Inligting benodig is hul ouers besonderhede en of ander familie. John is my oupa.

**Nog vanne wat ingekom het**: Wait,Coetzer, van Straten, Vercuiel, Prinsloo

## Die vrou praat met haar man op die foon

**Wat doen ek nou? Dis so koud en die kar wil nie vat nie. En nou is daar op die instrumentepaneel 'n prentjie van 'n man wat op sy hurke sit om 'n bollie te maak!**

**Kom help my!**

**WAT!? Kan jy asseblief vir my 'n foto daarvan aanstuur?**

**Sekerlik. Hier kom diie foto!**

## ONS MAL WÊRELD

**IN LIBANON** mag mans wettige seks met diere hê, maar die diere moet vroulik wees. Seks met 'n manlike dier is met die dood strafbaar.

**IN BAHREIN** mag 'n manlike dokter 'n vrou se geslagsdele inspekteer, maar hy mag nie direk daarna kyk nie - slegs na 'n refleksie daarvan in 'n spieël kyk.
(Lyk dit omgekeerd dan anders?)

**MOSLEMS** mag nie na 'n lyk se geslagsdele kyk nie - ook nie ondernemers nie.
Die oorledene se geslagsdele moet te alle tye met 'n bak-steen of 'n plank bedek wees.
('n Baksteen?)

**IN INDONESIË** is die straf vir masturbasie onthoofding.
(Baie erger as om "blind" te word!)

## KENNISGEWINGS

**Op 'n loodgieter se bakkie:**
"Ons maak reg wat jou man herstel het"

**Op nog 'n loodgieter se bakkie:**
"Moenie met 'n drup slaap nie – bel ons"

**By 'n knaldemperhandelaar:**
"Geen afspraak nodig. Ons het jou hoor aankom"

**In 'n veearts se spreekkamer:**
"Terug oor vyf minute. Sit! Bly!"

**In 'n nierook-area:**
"As ons rook sien, sal ons aanvaar jy is aan die brand en optree"

**By 'n motorhandelaar:**
"Die beste manier om weer op jou voete te kom, is om 'n paaiement te mis"

# AGTEROS

## Net voor uitspantyd

Later roep ma: "Kos is op die tafel!" Maar op die tafel is nie plek vir al die kos nie.

**Deur DANA SNYMAN**

Die familie trek Kersdag by ons saam en ma is vasberade. "Hierdie jaar eet ons lig. Net koue vleis en slaai," sê sy. "Ons gaan ons nie weer so ooreet soos altyd nie."

"Ons kry seker darem poedieng," sê pa.

"Net trifle," sê ma.

"Nie souskluitjies nie?"

Ma maak of sy pa nie hoor nie en gaan bel vir ouma en tannie Mart en tannie Pop, haar twee susters. Hulle kom ooreen: Net koue vleis en slaai hierdie jaar. Niks swaars nie. 'n Mens eet hopeloos te veel hier oor Kersfees.

Vir ma-hulle beteken koue vleis uiteraard nie polonie, 'n paar bloedarmmoedige skyfies ham en rooiworsies nie. Koue vleis is 'n skaap- en 'n varkboud en 'n beestong – 'n beestong met soet mostert.

Slaai, weer, is aartappel- en wortel- en beet- en komkommerslaai. Of eintlik is dit meer ingewikkeld as dít.

Om mee te begin, daar is twee verskillende soorte aartappelslaai. In die een is baie uie, maar oupa en van die ander hou nie van uie nie. "Uie blaas 'n mens op," sê oupa altyd. Daarom maak Ma-hulle ook 'n soet, uielose aartappelslaai waarin 'n hele blik kondensmelk kom.

Die komkommerslaai is ook nie 'n vars komkommer saam met slaaiblare en 'n paar tamatieskywe nie. Dit is tannie Mart se befaamde gestolde komkommerring: twee gerasperde komkommers, 'n gerasperde ui, 'n pakkie groen jellie, maaskaas, mayonnaise, gelatien. Alles word gegiet in so 'n ronde geriffelde bak met 'n gat in die middel. Net voordat dit op die tafel moet kom, word die bak omgekeer, dan lê die komkommerige ring daar, blink van die gelatien.

"'n Mens eet nie 'n kalkoen koud nie. Koue kalkoen smaak na niks."

Maar dan is daar 'n probleem: Tannie Pop bel. Oom Tiekie, haar man, het met 'n kalkoen by die huis aangekom. Oom Tiekie het hoë cholesterol en die dokter het gesê hy mag net hoender en kalkoen eet. Wat nou? Kan sy die kalkoen maar gaarmaak en saambring?

Eers skop ma vas: "Ons het dan gesê net koue vleis en slaai, sus." Maar later gee ma toe: goed, bring dan maar die kalkoen. Kalkoen kan jy ook koud bedien.Maar Ma maak 'n fout: Sy vertel oor die telefoon vir ouma van die koue kalkoen wat bykom. 'n Ruk later bel ouma terug. Sy het vir oupa van die koue kalkoen vertel en oupa het byna 'n oorval gehad. 'n Mens eet nie 'n kalkoen koud nie. Koue kalkoen smaak na niks.

Jy stop 'n kalkoen op met 'n ui en swartpeper en dinge, bak hom in die oond en bedien hom met 'n souserige sous oor.

"Ai," sê ma, "hier gaat ons al weer." Want nou is daar 'n volgende probleem: Jy kan nie 'n warm kalkoen op die tafel hê net saam met slaai nie. Dit sal darem te amsalig lyk. Wat van rys? En hoekom nie sommer geelrys en rosyntjies nie? Dit is darem Kersfees.

En as jy rys het, moet jy darem 'n groentetjie daarby hê, minstens pampoen en boontjies. En wat van gebakte aartappels? Dis als goed en wel dat daar twee aartappelslaaie is, maar dis mos nie moeite om 'n paar ou aartappeltjies saam met die kalkoen in die oond te bak nie.

Die dag voor Kersfees begin die familie by ons huis aankom: Oupa en Ouma, oom Tiekie en tannie Pop, oom Tiens en tannie Mart, en die nefies en niggies.

Die dag voor Kersfees begin die familie by ons huis aankom: Oupa en Ouma, oom Tiekie en tannie Pop, oom Tiens en tannie Mart, en die nefies en niggies.

Uit elke motor kom – saam met die ander bagasie – ook twee of drie koekblikke. ’n Mens moet tussendeur darem ’n gemmer- of ’n soetkoekie hê om aan te peusel.

Die blik wat uit oupa en ouma se Chev kom, voel of dit vol klippe gepak is, so swaar is dit. Dit is die vrugtekoek, want wie vier nou Kersfees sonder vrugtekoek?

Die mans sit op die stoep, die vrouens is in die kombuis, en ons nefies en niggies speel die jaart vol.

Ma kom staan by pa op die stoep. “Is hier brandewyn in die huis?” wil sy weet.

“Hoekom?” vra pa.

“Vir die trifle.”

Pa trek vir ma eenkant toe. “Ou Tiekie drink nie meer ’n druppel nie,” fluiter hy vir ma. “Moet hom tog nie in die versoeking lei nie.”

Daarom besluit Ma-hulle ter wille van oom Tiekie sal hulle ook maar souskluitjies maak.

“Oe, jinne,” sê ouma laatmiddag, “ons moenie die gestoofde perskes en –pruime vergeet nie.”

Die volgende oggend, op Kersoggend, eet ons net koffie en besluit, maar ná die kerkdiens is dit tyd om ouma se vrugtekoek te sny.

Pa en die ooms sit op die stoep in hul kortbroeke met hul bleek bene, in die sitkamer speel Gheorghe Zamfir se panfluit oor die Hifi, en tot in die straat kan jy die kalkoen in die oond ruik terwyl ma-hulle die tafel in die eetkamer dek.

Later roep ma: “Kos is op die tafel!” Maar op die tafel is nie plek vir al die kos nie. Party bakke staan op ’n kleiner tafeltjie in die hoek van die eetkamer en ons moet daar gaan inskep.

“Ogies,” sê pa, dan vat ons mekaar se hande, en dan bid pa: “Seën hierdie voedsel aan ons liggame Vader, en seën ook die hande wat dit voorberei het. Dankie dat ons so saam kan wees. Maak ons opreg dankbaar daarvoor. Amen.”

Ons eet, en ons lag en gesels en eet, en later sê ma: “Onthou tog om ’n plekkie te los vir vanmiddag se waatlemoen.”

Dis ook ma wat die volgende oggend, terwyl ons van die koue skaapboud op brood vir ontbyt eet, sê: “Dis beslis die laaste Kersfees wat ons ons so ooreet. Volgende jaar eet ons net iets ligs.”

**(Hierdie storie kom uit Dana se boek 'In die Blou Kamp'.)**

Daar is nog pret in KAMMANUUS EKSTRA.
LAAI DIT HIER AF:
www.onsdorp.com/ekstra.html